GEOGRAFIE

Handel in Suid-Afrika en die wêreld

Graad 6

Week 1: 20 April

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Inleiding:

Ons gaan hierdie kwartaal meer leer oor handel tussen Suid-Afrika en die wêreld:

- **EENHEID 1**
  WAAROM MENSE HANDEL DRYF
- **EENHEID 2**
  WAARMEE MENSE HANDEL DRYF
- **EENHEID 3**
  HULPBRONNE EN HUL WAARDE
- **EENHEID 4**
  BILLIKE HANDEL

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Inleiding:

- Voltooi alle aktiwiteite in jou skrif of enige ander boek wat jy veilig kan bewaar.
- **Memorandums** vir die aktiwiteite sal die volgende week beskikbaar wees.
- Enige vrae kan aan jou onderwyser gerig word op **Dinsdae** via e-pos of Class Dojo tussen **09:00 en 11:00.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Wolkskool:

Wolkskool se **video's** en **werkkaarte** is nie verpligtend nie, maar dit word beslis aanbeveel as 'n ekstra hulpmiddel – Teken gratis in by

https://skole.co.za/registreer-hier-vir-gratis-toegang-tot-die-wolkskool/

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Sleutelvrae:

- Wat is handel?
- Hoekom dryf mense handel?
- Wat is uitvoer en invoer?
- Met watter tipe dinge dryf mense handel?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 1

WAAROM MENSE HANDEL DRYF (BL.36-39)

Handel dryf beteken die **uitruil** van goedere
of
die gee van iets in ruil vir iets anders

Lindiwe verruil die geld vir kruideniersware. Sy verruil haar geld vir goedere wat ander mense met hul arbeid geproduseer het.

Handel is ook die koop en verkoop van goedere vir geld.

Lindiwe werk as 'n prokureur in ruil vir geld. Sy verhandel haar arbeid (werk) vir geld. Die kliënt sal Lindiwe vir haar kennis en vaardighede betaal.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HANDEL AS DIE RUIL VAN GOEDERE:

- **Handel** sluit al die maniere in waarop mense **geld maak** deur hulpbronne te **koop/verkoop/ruil/verruil**.
- **Natuurlike hulpbronne:** Goud, hout.
- Goedere wat mense maak: juwele, meubels.
- Handel vind plaas tussen individue en tussen lande.
- Mense dryf handel vir goedere wat hulle benodig wat hulle nie self kan kweek/maak nie.
- Handel is die verruiling van goedere of werk.
- Mense dryf handel by markte, in winkels, op die internet en op straat.
- **Ruilhandel** – Verruil goedere sonder om geld te gebruik.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HANDEL AS DIE KOOP OF VERKOOP VAN GOEDERE VIR GELD:

- Wanneer mense goedere vir geld verkoop, besluit hulle eers oor die **waarde** van die item.
- Prys- te hoog: mense koop nie, te laag: dalk wil hul dit nie hê nie.
- Vandag ruil mense werk vir **geld: Arbeid**.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

UITVOERE EN INVOERE TUSSEN SUID-AFRIKA EN DIE WÊRELD:

- Suid-Afrika het baie **bruikbare hulpbronne**.
- Minerale (delfstof) wat in rotse voorkom soos goud, diamante, yster.
- Die klimaat help boere om verskillende **vrugte** te kweek.
- Suid-Afrika verkoop vrugte aan kouer lande in die Noordelike Halfrond.
- Suid-Afrika voer rekenaars, sommige masjiene en **spesiale medisyne** in.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

INTERNASIONALE HANDEL :

- Lande verdien ook geld deur dinge aan ander **lande te verkoop**.
- Die regering kry die geld in die vorm van belasting.
- Indien ’n mynmaatskappy byvoorbeeld geld maak deur goud aan ’n ander land te verkoop, betaal daardie maatskappy ’n gedeelte van die geld wat hy verdien aan die regering.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Lande **verkoop** die dinge wat hulle produseer

Lande **koop** die dinge wat hulle nodig het

INTERNASIONALE HANDEL

Koop en verkoop van goedere tussen lande

UITVOERE :



Laerskool Mikro Kopiereg ©

INVOERE :



Laerskool Mikro Kopiereg ©



LAERSKOOL MIKRO

Bestudeer die foto op bladsy 37 in jou handboek en beantwoord die volgende vrae in jou skrif.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Aktiwiteit 1:

1. Wat noem ons plekke/geleenthede soos hierdie?

2. Wat doen die mense?

3. Vind iemand wat goedere verkoop wat hy/sy nie self gemaak het nie. Wat verkoop die persoon?

4. Noem 5 goedere in die foto wat te koop is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Wat voer Suid-Afrika in en uit? Kyk na die kaart hieronder om uit te vind.



Suid-Afrika en sy invoer- en uitvoerprodukte

Aktiwiteit

1. Kyk na die feite oor Suid-Afrika se uit- en invoerprodukte van ander lande in 2009.

UITVOER	
Japan	11,1 %
Verenigde State	11,1 %
Duitsland	8 %
Verenigde Koninkryk	6,8 %
China	6 %
Nederland	5,2 %
TOTAAL: $67,93 biljoen	

INVOER	
Duitsland	11,2 %
China	11,1 %
Verenigde State	7,9 %
Saoedi-Arabië	6,2 %
Japan	5,5 %
Verenigde Koninkryk	4 %
TOTAAL: $70,24 biljoen	

LAERSKOOL MIKRO

Bestudeer die foto op bladsy 39 in jou handboek en beantwoord die volgende vrae in jou skrif.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Aktiwiteit 2:

1. Noem drie **minerale** wat Suid-Afrika uitvoer.

2. Hoekom moet Suid-Afrika olie invoer? Dink aan al die goed wat ons uit olie kry, soos petrol en parrafien.

3. Noem drie **lande** waarmee Suid-Afrika handel dryf.

4. Watter land is ‘n handelsvennoot slegs vir invoerprodukte? Wat, dink jy, word van hierdie land af ingevoer?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Ekstra:

Wolkskool se **video's** en **werkkaarte** is nie verpligtend nie, maar dit word beslis aanbeveel as 'n ekstra hulpmiddel.

Video en werkkaart – https://wolkskool.co.za/inhoud/sosiale-wetenskappe/kwartaal-2-geografie/hoekom-mense-handel-dryf

Laerskool Mikro Kopiereg ©